

# KOERSVAS

Jaargang 5      Uitgawe 108   7 April 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Paasnaweek 2017

Ons vier volgende naweek Jesus Christus se kruisdood en opstanding. Paasfees is die belangrikste Christenfees wat ons jaarliks gedenk. Hierdie jaar vier ons dit dieselfde tyd as die Grieks Ortodokse kerk. Daar was al gereeld jare wat die Weste en die Ooste tot 'n maand uitmekaar (2011 - April 24, 2012 - 8 April en 15 April, 2013 - 31 Maart en 5 Mei 5, 2014 - 20 April, 2015 - 5 April en 12 April 2016 - 27 Maart en 1 Mei, 2017 - 16 April) Paasfees gevier het. Dit is omdat die Weste die Gregoriaanse kalender, en die Ooste die Juliaanse kalender volg. Ons neem met dankbaarheid kennis dat ons die groot geleentheid saam vier hierdie jaar, meer nog dat ons almal dit jaarliks vier. Dag en datum kan verskil, maar ons stem saam oor die vier van die gebeurtenis.

Ons leef in die tyd van ontkerstening van die gemeenskap. Ons het reeds met Kersfees gesien hoe ver die media en advertensiewese gegaan het om Christus uit die fees te haal. Dit is vanselfsprekend dat dieselfde benadering sal geld met ander Christenfeeste. Die vlak van ontkerstening in hierdie veldtog is egter verstommend. *Cadbury* se besluit is tekenend van die nuwe benadering. Engeland se premier Theresa



May het dit "absolutely ridiculous" genoem terwyl die Aartsbiskop van York die stap as "spoeg op die graf" van die stigter van Cadbury, naamlik die toegewyde Christen John Cadbury, noem. Wat het hulle gedoen? Hulle het die woord "Easter" (Paasfees) uit hulle bemerking gehaal. Die (in Engeland) bekende "Easter Egg Trail" gaan nou bekend staan as "*Cadbury* Great British Egg Hunt". Is dit werklik so 'n verskriklike stap? Kom ons kyk eers na die haas en sy versierde sjokolade eiers.

Daar is verskeie teorieë oor die oorsprong van die paashaas. Die verklaring wat redelik lyk vertel van Duitse emmigrante na die VSA wat 'n storie vertel oor 'n haas (*Oschter Haws*) wat eiers lê. Kommersialisering het oor 'n tydperk van 200 die paashaas simbolies van Paasfees gemaak, nie net in die VSA nie, maar wêreldwyd en self hier in die RSA. Terloops, die Koekoek is in Switserland die simbool wat met Paasfees vereenselwig word. In die storie bring die hasie mandjies vol gekleurde eiers gedurende die nag voor Paassondag (soortgelyk aan Kersvader) en plaas die mandjies op 'n bepaalde plek of versteek dit oor 'n sekere gebied in die huis of tuin. Vroeg die oggend begin die kinders se tradisionele eiersoektog.

Die Paaseiers het waarskynlik hulle oorsprong in die heidenfeeste wat die koms

van lente vier. Eiers is by uitstek goeie simbool van nuwe lewe. Vir sekere Christene simboliseer die eiers Jesus se opstanding en verskyning uit die graf na die opstanding. Die tradisie het waarskynlik in die 13e eeu sy ontstaan gehad.

Inherent is daar niks boos aan die tradisies nie, dit gun Christene 'n geleentheid om gesprekke aan te knoop oor die eintlike betekenis van Paasfees. Dit is waar die probleem ontstaan. *Cadbury* en ander het nie die haas en die eiers verwyder nie. Hulle het die aanknopingspunt verwyder. Hulle wil steeds groot bedrae geld maak, sonder om enige inhoud aan die geleentheid te gee. Tyd sal ons leer of hulle pogings suksesvol sal wees. In die geval van Kersfees het liberaliste en ongelowiges nie daarin geslaag om Christus te verban nie.

Paasfees is nie die geleentheid om see toe te gaan nie, dit is die geleentheid om die Here se genade te vier. Dit is nie die geleentheid om paaseiers te soek nie, dit is die geleentheid om die betekenis van God se liefde vir ons te ondersoek. Mag u Paasfees geseënd wees.

## **BERIGTE EN KENNISGEWINGS**

### **REFORMASIE**

Oktober hierdie jaar vier ons die 500ste bestaansjaar van die Protestantisme. Daar sal baie vieringe rondom die gebeurtenis wees en Koersvas nooi gemeenskappe uit om hulle vierings se gegewens vroegtydig deur te stuur.

### **REISENDE BYBELUITSTALLING**

Mediaverklaring

23 Maart 2017

Hervorming 500 jaar (1517-2017)

Die Waterberg Gereformeerde kerkmuseum stel 'n "reisende uitstalling" aan Belydeniskerke beskikbaar as bydrae tot die 500 jarige herdenking van die Hervorming. Die uitstalling verbeeld 'n snit in die geskiedenis van die Bybel, beginnende by die eerste Bybel in druk (1456) – voor die Hervorming – en kanonieke vertalings gedurende en na die Hervorming.

Martin Luther was die grondlegger van die Bybel in Duits (1534). Dit is opgevolg deur die Engelse vertaling van Tyndale, die sg. King James version (1611), die Nederlandse Statebybel (1637) en die Afrikaanse Bybel (1933).

Hierdie aangrypende verhaal word uitgebeeld deur foto's, faksimilee-herdrukke en modelle van die verskillende Bybels, aangevul deur 'n kort klankbaan en kort beskrywings.

'n Reisprogram, wat op 6 April in Kaapstad begin en op 16 Des. in Krugersdorp eindig word tans afgerond. (Belangstellendes kan nog inskakel)

Die bedoeling van die uitstalling is om belangstelling vir die herdenking van die grootste gebeurtenis na Pinkster, die Hervorming, te prikkel. Dit word aangebied in samewerking met die Calvinistiese Alliansie wat plaaslike kerke wil aanmoedig om hierdie groot gebeurtenis te herdenk.

Navrae kan gerig word aan:

Skakelbesonderhede:

Calvinistiese Alliansie

Tel: 079 500 2332

Epos: tkr@lantic.net

Geref. Kerkmuseum Waterberg

Telefonies: 014 717 3264 of 014 717 2037

Epos: verslank@lantic.net

[www.calvinistiesealliansie.co.za](http://www.calvinistiesealliansie.co.za)

Feesgroete

H.v.d.Wateren

## **GEMEENTENUUS RUSTENBURG DAMESTEE**

Kom geniet saam met ons 'n Dames Oggendtee met gaskunstenaars Henry van Dyk en Estie Pienaar. Kom en geniet haar raakvat sêgoed vir vrou-wees.

Saterdag **13 Mei 2017**, Hervormde Kerk Rustenburg, 9:30 vm. vir 10:00 vm, Koste beloop R150.

Indien enige belangstelling, kontak  
Mari 084 208 7445 of Lucia 083 265 3341

## **BYBELVASVRAE**

Jeugwerkers moet asseblief van die volgende kennis neem

Gemeente vasvra: **30 Julie 2017**

Streeksvasvra: **13 Augustus 2017**

Finaal: **27 Augustus 2017**

Bestek:

Laerskool: 1 Timoteus; HK Sondae 31 tot 44  
Hoërskool en Ope afdeling: 1 en 2 Timoteus;  
HK Sondae 31 tot 44

Gemeentes sal nog skrywes in die verband ontvang.

## **MAKWASBYEENKOMS 2017**

Makwasbyeenkoms vir emeriti en enige ander belangstellende GHG-predikante te Premiemyn DV 9 Junie 2017. Maak die datum nou al vas.

Predikante en hul gades is ook welkom.

## **KOMMENTAAR BESKIKBAAR**

Die kern van die geloof wat ons bely, is reeds meer as 20 eeue oud. Tog stem ons en die eerste Christene saam. Dit wat ons glo, is dit wat aan hulle toevertrou is en wat hulle geglo het. Hoe werk dit? "EK EN ONS GLO" is die boek wat ons help om ons eie belydenis te verstaan. Ons word ook by die werk en elders getoets oor ons geloof. Hierdie boek sal ons help om met oortuiging

die waarheid aan almal rondom ons te verduidelik. Geskryf in verstaanbare Afrikaans, is hierdie boek 'n baie handige instrument in ons wapenrusting van die geloof.

Die kommentaar van die Apostolicum is beskikbaar @R140 per eksemplaar. Eerste 30 boeke R120. [jotto1@absamail.co.za](mailto:jotto1@absamail.co.za).

082 767 7891 "EK EN ONS GLO:

**Sien foto 1 onderaan Koersvas**

## **OORNAG FASILITEITE**

Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of e-pos haar by [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

## **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

## **DANKBUNDEL**

Lidmate wat belangstel in prof HG van der Westhuizen se dankbundel moet met ds Jaap Steenkamp skakel.

## **GELOOFSBONDKWILT 2 (2017)**

Die GHG dames se fondsinsameling is ten bate van ons teologiese studente. Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente. (sien foto onder)

Elke gemeente word versoek om 3 of meer lyste se kaartjies te verkoop. Lootjies word tydens die GHG-byeenkoms getrek.

Hoe vorder u gemeente se lootjieverkope?

Het u al lootjies geneem?

**DRUKWERK**


Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke

- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

# FOTO 1



**GEOLOFSBONDKWILT 2**  
Lootjies R20 by eie gemeente